HSAG

*ENGLISH TEXT BELOW*

**MAANDELIKSE NUUSBRIEF: FEBRUARIE 2.3 NUUSBRIEF**

**HIERDIE NUUSBRIEF WORD AAN U GERIG AS LID VAN DIE HOËVELD SINDIKASIE AKSIEGROEP ("HSAG") OP GROND VAN U BELEGGING IN DIE HOËVELD SINDIKASIEMAATSKAPPYE 15-22 EN/OF U ONDERSTEUNING VAN DIE HSAG.**

**HIERDIE E-POS IS VERTROULIK EN UITSLUITLIK VIR DIE GEADRESSEERDE BEDOEL. As u dit per ongeluk / verkeerdelik ontvang het, stel asseblief die versender onmiddellik in kennis by hsagenquiries@gmail.com en vernietig dit. U mag nie 'n e-pos, of enige deel daarvan, wat foutiewelik ontvang aan enigiemand anders stuur, kopieer of openbaar nie. HSAG se webmeester gebruik antivirusprogrammatuur om virusse en ander kwaadwillige kodes te voorkom. Hierdie sagteware kan egter nie so 'n kode altyd voorkom of uitwis nie. Die HSAG of sy verteenwoordigers sal nie aanspreeklik wees vir enige verlies of skade wat voortspruit uit ontvangs of gebruik van hierdie e-pos of andersins, of dit voortspruit uit die nalatigheid van HSAG, sy lede, bestuurskomitee en agente of andersins nie.**

**ALHOEWEL E-POSSE, HSAG NUUSFLITSE EN HSAG INLIGTINGSBROKKIES VAN TYD TOT TYD UITGESTUUR WORD, IS DIE WWW.HSACTION.CO.ZA WEBTUISTE DIE PRIMÊRE PLEK WAAR U HSAG INLIGTING, ONDERHEWIG AAN DIE VRYWARING DAARIN VERVAT (EN OOK HIEROP VAN TOEPASSING) KAN BEKOM.**

**Die verpligting rus op u as HSAG lid om ons op hoogte van enige onakkurate inligting of enige veranderinge van u persoonlike en/of kontakbesonderhede asook dat die inhoud van u maandelikse state korrek is.**

## HSAG AMPTELIKE NUUSBRIEF – INHOUDSOPGAWE


1 INLEIDING
2 PROXY-VORMS (VORMS VAN VOLMAG)
3 BESIGHEIDSREDDING
4 LIKWIDASIE EN ONDERVRAGINGS ITV DIE WET
5 AANSOEK OM OORPLASING VAN DIE TERSYDESTELLINGSAANSOEK
6 VORDERING IN DIE DECA-VERHOOR
7 VORDERING IN DIE CCAF-VERHOOR
8 ANDER SE NUUSBRIEWE: HSBF
9 UIT DIE PERS SE BEK: DAILY INVESTOR
10 LOODSPROJEK: ADMINISTRATIEWE- EN NUUSBRIEFFOOI
11 ALGEMENE NAVRAE
12 BELANGRIK: GEBRUIK VAN KORREKTE REKENINGNOMMERS EN VERWYSINGS
13 BELANGRIK: GEBRUIK VAN KORREKTE E-POS ADRESSE
14 BELANGRIKE ALGEMENE TERME EN VOORWAARDES

## 1 INLEIDING

Die vraag op almal se lippe is: moet die “besighede” van Zephan en Orthotouch “gered” word, of moet ‘n likwidasie, met gepaardgaande ondervragings, eerder gevolg word.

Die antwoord is relatief eenvoudig – kan besighede wat aan die einde van ‘n string maatskappye, die HS 15-22, eens met gesamentlike bates van R4,6 miljard, wat binne die hande van die direkteure en twee “onafhanklike” praktisyns letterlik gereduseer is tot minder as 5c in die Rand, nou gered word deur ‘n praktisyn wie kennelik geen tande het nie, teenoor ‘n onafhanklike likwidateur, wie wye wetlike magte het om as bloedhond die spoor te vind waarheen die geld en bates verdwyn het?

Daardie vraag moet die HSAG lede self besluit, én hul stem uitbring. Indien HSAG-lede voel dat hulle eerder die besighede wil “red”, kan hulle op hul eie stem. Indien HSAG-lede egter voel dat hulle daarteen wil stem, moet die proxy (vorm van volmag) hieronder voltooi en geteken word en daarna via epos gestuur word na hsagregister@gmail.com

Hier is ‘n skakel na die PDF proxy-vorm:
https://hsaction.co.za/wp-content/uploads/2023/02/Eng1_PROXY1.pdf

Die outomatiese jaarlikse opvraging het sedert einde Januarie plaasgevind en word HSAG-lede by voorbaat bedank vir hul volgehoue ondersteuning.

## 2 PROXY-VORMS (VORMS VAN VOLMAG)

Die HSAG herinner lede dat hulle tot en met volgende **Dinsdag, 21 Februarie 2023** het om die vorms van volmag (proxy-vorms) in te vul, te onderteken en aan die HSAG terug te stuur (via epos na hsagregister@gmail.com).

ELKE HSAG LID WAT DIE MEEGAANDE PROXY-VORM ONTVANG IS GEREGTIG OM DIT TE ONDERTEKEN, SELFS AL IS HULLE BAIE LANK AGTERSTALLIG.

Die HSAG is die een organisasie wat verstaan deur watter trauma en finansiële nood sy lede die afgelope etlike jare deurgegaan het, en het nog nooit sonder rede lede verwyder nie. Verskillende gerugte doen die rondte oor sommige van die respondente, waaroor ons ongelukkig nie nou kan berig nie, maar is dit van wesenlike belang dat almal saamstaan om te sorg dat reg en geregtigheid uiteindelik geskied. Ons dank daardie lede wat gehelp het dat die HSAG, nieteenstaande die feit dat die lede met hul eie geld en beleggings beveg word en absolute verraad en ongerymdhede ervaar het, die wa tot dusver deur die drif getrek het en ons arms en koppe hoog hou. So ook die PR- en bestuurslede wat absolute onbaatsugtige dienste lewer. Sonder julle sou die taak naas onmoontlik wees!

Die krediteure vergadering vind eers op 31 Maart 2023 plaas, maar Zephan en Orthotouch se Besigheidsreddingspraktisyn, Jacques du Toit, het 'n registrasie afsnydatum van 28 Februarie ingestel en die HSAG wil vroegtydig alle vorms van volmag hê om nie onnodig ter elfder ure oor lede se registrasie te bekommer nie. Ons verneem dat hy sonder ons medewete sekere vergunnings aan die oneervolle ontslane HSBF se Helgard Hancke, wie sy plan ondersteun, gegee het.

Ons herhaal weer dat die proxy-vorm "twee keer" ingevul en onderteken moet word, d.w.s, vir beide maatskappye in besigheidsredding – Orthotouch én Zephan. As lede die HSAG volmag gee om namens hulle by die krediteure vergadering te stem, moet lede weet dat die HSAG 'n NEE-stem gaan uitbring, aangesien daar glad nie met die Besigheidsreddingsplan ("BRP") van die besigheidsreddingspraktisyn saamgestem word nie en die HSAG dit ten sterkste afkeur. Die HSAG glo ook dat die prosedure soos op Orthotouch se webtuiste uiteengesit heeltemal verkeerd, berekend omslagtig en bykans onmoontlik om te volg is.

Hier is weer 'n skakel na die proxy-vorm:
https://hsaction.co.za/wp-content/uploads/2023/02/Eng1_PROXY1.pdf

Hieronder ook 'n skakel na Orthotouch se webtuiste met verdere skakels na die BRP self. Lede word daarop gewys dat hulle self verantwoordelik neem vir die oplaai van dokumente soos deur vereis: https://orthotouch.creditorsinfo.org/of/ortho/

Hieronder volg ‘n algemene uiteensetting van wat besigheidsredding behels teenoor likwidasie (met ‘n ondervraging).

## 3 BESIGHEIDSREDDING

Dit is ‘n voldonge feit dat besighede soms algeheel buite die beheer van die persone aan die stuur van ‘n maatskappy, in finansiële moeilikheid kan beland. Die Wetgewer weet dit en het ‘n paar prosesse en prosedures in plek gestel om besighede te help om terug op hulle voete te kom.

Die eerste opsie wat besighede in sodanige geval het, is besigheidsredding. Dit is veronderstel om vinnig en meer informeel te wees met die doel om op ‘n spoedige wyse ‘n werkbare plan daar te stel wat die maatskappy sal herstruktureer en terug op die been kry. Die bedrywighede van die maatskappy moet egter kan voortgaan en die besigheid moet met en ná besigheidsredding weer finansieel lewensvatbaar wees. Waarde moet vir alle belanghebbendes – aandeelhouers, werknemers en krediteure – bewaar word.

In hierdie geval is daar weinig (volgens Du Toit, minder as 5%) bates/eise oor om bewaar te word en kan dit nie ‘n opsie wees nie. Inteendeel, indien die krediteure ‘n aalmoes betaal is, sal daar niks oor wees van die maatskappy nie en sal dit beslis nie kan voortgaan met besigheid nie.

As ‘n besigheidsreddingsplan wat deur die Jacques du Toit voorgelê word, gevolglik <u>nie</u> ingestem word <u>nie</u>, is die proses as volg:

Enige geaffekteerde party kan by die hof aansoek doen om die uitslag van die stemming tersyde te stel, op grond daarvan dat dit onbehoorlik (“inapropriate”) was, sou die besigheidsreddingspraktisyn dit níé doen nie én daar nie ‘n aanvaarbare hersiene plan voorgelê is nie. ‘n Geaffekteerde persoon sluit onder andere aandeelhouers, krediteure van die maatskappy of individuele werknemers in.

Indien 'n aansoek gebring word om die uitslag van 'n stemming tersyde te stel op grond daarvan dat dit onbehoorlik was, kan 'n hof die bevel toestaan indien hy oortuig is dat dit redelik en regverdig is om dit te doen.

Dit is uiteindelik die besigheidsreddingspraktisyn wat die proses begin om die besigheidsreddingsverrigtinge in likwidasieverrigtinge om te skakel, indien hy van mening is dat daar geen redelike vooruitsig is dat die maatskappy gered sal word nie, maar het Du Toit duidelik te kenne gegee dat daar volgens hom, uitstekende vooruitsigte bestaan dat sy plan sal werk om die besigheid te red.

Indien 'n besigheidsreddingspraktisyn om 'n likwidasiebevel aansoek doen, is dit waarskynlik dat die hof geneig sal wees om só 'n bevel toe te staan, veral in die lig daarvan dat die besigheidsreddingspraktisyn 'n diepgaande begrip van die maatskappy se finansiële posisie behoort te hê en nie sodanige bevel sal bring indien daar nog 'n vooruitsig was dat die maatskappy gered sou kon word nie.

Die Suid-Afrikaanse howe het ook al 'n standpunt ingeneem dat die hof in sekere gevalle die bevoegdheid het om in te gryp in besigheidsreddingsverrigtinge en die likwidasie van die maatskappy te beveel, soos in omstandighede waar bewys is dat die besigheidsreddingspraktisyn wesenlike foute begaan het in sy bestuur van die besigheidsreddingsverrigtinge.

Besigheidsredding verskil van Likwidasie in die sin dat waar Besigheidsredding die besigheid in sy huidige vorm wil behou, waar Likwidasie die besigheid in der waarheid skrap en ander prosesse, soos hieronder uiteengesit, in werking stel. In hierdie geval, sou dit egter letterlik wees om vir ‘n kadawer ‘n Panado te gee, terwyl daar eerder ‘n outopsie gedoen moet word om te sien wat die oorsaak van sy dood is, en dan daarop te handel

## 4 <u>LIKWIDASIE EN ONDERVRAGINGS ITV DIE WET</u>

‘n Tyd gelede het ‘n baie interessante artikel verskyn waarin lig gewerp word oor die “hoekom”, “wat” en “hoe” by insolvensie ondervragings (in geval van likwidasies), wat die volgende behels en reg binne die HSAG saak val.

Wanneer 'n maatskappy in likwidasie geplaas word, is dit soms veel meer as net 'n sake-onderneming wat finansieel onsuksesvol was. Dikwels is dit ‘n magdom faktore wat tot die maatskappy se ondergang bygedra het, waarvan baie egter vermy kon word. Wanbestuur van die maatskappy, of onbehoorlike handelinge of optrede deur diegene wat in beheer van die maatskappy se sake is/was, mag gelei het tot sy huidige finansiële verknorsing en nadele vir krediteure.

In so ‘n geval kan daar maklik ‘n sterk begeerte by betrokkenes in beheer ontstaan (verál waar daar groot bedrae geld betrokke is) om enige potensiële verkeerde optrede te verberg. Gegewe dat ‘n likwidateur uitsluitlik ‘n buitestaander is wat inkyk op die sake van die maatskappy, sal dit dus moeilik wees om ongerymdhede te ontbloot, deur slegs na die boeke te “kyk”. In hierdie geval blyk daar weinig of geen behoorlike boekhouding gedoen is nie.

Dit is vir hierdie rede dat die wetgewer voorsiening gemaak het vir private insolvensie ondervragings wat gehou word .

Die doel van ‘n A-417 ondervraging

'n Insolvensie-ondervraging magtig ‘n likwidateur om die nodige inligting en besonderhede van relevante partye te verkry om die maatskappy behoorlik te likwideer. Sekere prosedures word voorgeskryf, en kan die proses sonder die tussenbeide tree van die hof, plaasvind.

Vereistes vir die aanvra van 'n ondervraging

Die Wet maak onder andere voorsiening vir die ondervraging van persone tydens ‘n krediteure vergadering, mits daar ‘n redelike vermoede bestaan, dat sogenaamde persone tot die nodige inligting, toegang het. Indien die inligting noodsaaklik vir toekomstige litigasie is, is dit waarskynlik dat ‘n hof ‘n aansoek vir ondervraging sal toestaan, mits sodanige redelike vermoede bestaan. Die HSAG is van mening dat dit hier inderdaad die geval is.

Proses vir die aanvra van 'n ondervraging

Gewoonlik bring die likwidateur sodanige aansoek, maar kan enige persoon dit bring. In die praktyk is dit gewoonlik verontregte krediteure wat die aansoek met die bystand van die likwidateur bring. Die koste van die aansoek word gewoonlik deur die applikant gedra, maar die Hof of die Meester mag gelas dat die koste uit die bates van die boedel betaal word. Die voorsittende beampte mag op versoek van die Applikant enige persoon wie hy ag om in staat te wees om die nodige inligting oor die besigheid te verskaf, dagvaar om daaroor te getuig.

Regte van die getuies

'n Getuie wat gedagvaar is, het die reg op regsverteenwoordiging, maar mag onder andere nie weier om 'n vraag te antwoord op die basis dat dit hom mag inkrimineer nie.

Gevolgtrekking

Die aard van 'n insolvensie-ondersoek maak dit 'n nuttige hulpmiddel vir likwidateurs en belanghebbendes om potensiële gewetenlose optrede deur direkteure, bestuurders van 'n maatskappy, of ander persone, te ontmasker. In besonder stel dit krediteure in staat om te bepaal of daar enige moontlike wyse is om sy eis/e direk van persone wat betrokke is by die sake van die maatskappy, sonder om 'n veel moeiliker hofsaak uit te maak vir die verontagsaming van die korporatiewe sluier.

Een van die groot redes waarom die HSAG nie enigsins kan saamstem met die onsuksesvolle besigheidsreddingsplanne van Hans Klopper of Jacques du Toit nie, is enersyds dat beloftes dat beleggers se eertydse beleggings van R4,6 miljard ten volle (volgende jaar, 2024) betaal sou word, destyds gemaak is, maar dat geen redding plaasgevind het nie; en andersyds, dat die volgende BRP (Du Toit) nou van mening is dat wesenlik dieselfde string van entiteite steeds gered kan word, maar dat die bates (wat meestal slegs eise en nie onroerende eiendomme is nie) nou minder as 5% van die oorspronklike waarde is, maar dit steeds 'n "redding" van besigheid genoem kan word. Sien hieronder: UIT DIE PERS SE BEK: FINANCIAL MAIL.

Beide besigheidsreddingspraktisyns is voor die hof gedaag en het beide deur middel van hul besigheidsreddingsplanne (indien aanvaar) gepoog om nie alleen hulself nie, maar ook alle ander betrokkenes van enige aanspreeklikheid kwyt te skel, wat natuurlik nie geduld kan word nie.

Dit is duidelik dat ‘n likwidateur veel meer tande as ‘n besigheidsreddingspraktisyn het, en in die lig van die onlangse striemende uitspraak van die Hooggeregshof teen Jacques du Toit, die huidige besigheidsreddingspraktisyn van Zephan en Orthotouch, dat hy níé na die belange van beleggers omsien nie, kan hy onder geen omstandighede vertrou word nie.

DAAROM DOEN DIE HSAG ‘N BEROEP OP HUL LEDE OM ERNSTIG TE BESIN WELKE ROETE GEVOLG MOET WORD EN, INDIEN IN OOREENSTEMMING MET DIE HSAG SE AANBEVELING, UITERS DRINGEND DIE HSAG PROXY VORM TE ONDERTEKEN TEN EINDE HUL AFKEUR TE WYS. AS ONS SAAMWERK KAN ONS BAIE VERMAG.

## 5 AANSOEK OM OORPLASING VAN DIE TERSYDESTELLINGSAANSOEK

Die HSAG se regspan gaan steeds voort met die oorplasing van die Tersydestellingsaansoek. Soos in die vorige nuusbrief berig het beide Georgiou-broers se regsverteenwoordigers vir die HSAG se regspan briewe geskryf waarin hulle dit duidelik maak dat hulle van mening is dat die Afgeleide Aksie (“DECA”) alle partye se eerste prioriteit is en dat die aanhoor van die die Artikel 155 Reëlingskema se Tersydestelling en dus ook die Oorplasing daarvan oor die hoof gesien kan word.

Die HSAG stem natuurlik nie hiermee saam nie en is van mening dat die DECA-aangeleentheid, in die lig van die Georgious se groot betoog dat hulle kwytgeskeld is, kwalik kan voortgaan sonder die Tersydestelling van die A-155 Reëlingskema.

Slegs die Georgiou-broers het ook intussen die oorplasing geopponeer en het hulle tot eerskomende Maandag tyd om hulle opponerende stukke te liasseer, by gebreke

waarvan dit weer op die ongeopponeerde rol geplaas sal word. Geeneen van die ander partye opponeer dit nie en sal kostes ook nie teen hulle gevra word nie.

## 6 VORDERING IN DIE DECA-VERHOOR

Die Georgiou-seuns se prokureurs het dringend ‘n saakbestuurvergadering voor Regter Janse van Nieuwenhuizen aangevra ten einde die saak op die rol te kry. Die vergadering het op 9 Februarie 2023 plaasgevind.

Regter Janse van Nieuwenhuizen het deurgaans die vergadering herhaal dat sy die saak al langer as 'n jaar en 'n half bestuur en dat sy wil sien dat die aangeleentheid in die hof kom en verhoor word.

Die HSAG deel die regter se sentiment en die bestuur, sowel as die regspan, is baie tevrede dat ‘n datum vir die einde van hierdie geregtelike termyn vasgestel is, waarin al die interlokutêre (tussentydse) kwessies in die DECA-saak aangehoor kan word. Dit is belangrik om tussentydse geskilpunte uit te klaar voordat die meriete van die saak aangehoor kan word, sodat daar slegs met die feite van die saak in die hof gehandel word.

Wat die aanhoor van die hoofaansoek (d.w.s. die betoog van die geldigheid van die Afgeleide Aksie) betref, het Regter Janse van Nieuwenhuizen aangedui dat 'n datum in die tweede helfte van die jaar, voldoende behoort te wees. Sodanige datum kan egter eers vasgestel word nadat die tussentydse en ander kwessies aangehoor en beslis is.

## 7 VORDERING IN DIE CCAF-VERHOOR

‘n Saakbestuurvergadering voor Regter Tolmay is vir 15 Februarie geskeduleer en was alle betrokke partye vir die gemelde vergadering gereed en beskikbaar, maar moes die vergadering gekanselleer word weens elektrisiteitstoevoer-probleme by die Hooggeregshof in Pretoria. Die vergadering is gelukkig egter herskeduleer vir Dinsdag, 21 Februarie 2023 en sal ons in die volgende nuusbrief meer volledige terugvoer kan gee.

## 8 ANDER SE NUUSBRIEWE: HSBF

Met terugskouing op Helgard Hancke se vorige nuusbriewe, blyk dit dat hy steeds klakkeloos die drom van die Georgious, soos deur Jacques du Toit ondersteun, slaan. Hy het weer via sy HSBF platform verskeie kommunikasies gepubliseer en aan beleggers uitgestuur. Die HSAG gaan beslis nie op alles reageer nie en verwys ons lede terug na vorige nuusbriewe waarin ons op die onwaarhede wat onder die naam van die HSBF uitgaan, uitlig. Wat Du Toit aanbetref, is daar onlangs 'n erg kritiese uitspraak met 'n bestraffende kostebevel teen hom gegee, waarin daar onder andere bevind is dat hy nie die belange van die beleggers getrou dien nie.

Wat die HSAG graag wel kommentaar op wil lewer is die HSBF se stellings oor die BRP wat op 31 Maart 2023 voor stemming kom. Volgens die HSBF is die huidige BRP die enigste en beste opsie vir beleggers om enigsins van hul gelde terug te kry. Die HSBF voer ook verder aan dat 'n meerderheid NEE-stemme outomaties sal beteken dat die volgende stap wat geneem sal word die is om Orthotouch en Zephan in likwidasie te plaas.

Die HSBF wil beleggers duidelik skrik op die lyf jaag om sy siening te aanvaar.

Die proses van besigheidsredding en uiteindelik likwidasie word hierbo uiteengesit en lede word aangemoedig om deeglik te besin en die pad tot hier in ag te neem ten einde nie sommer opgesweep te raak in die waninligtingsveldtog te wat teenkant voer nie.

Die kritiese vraag wat alle HSAG lede altyd vra is: Wat het van die geld en eiendomme geword? Tot dusver kon geeneen van diegene in beheer, of die sogenaamde bewaarders (wat elke keer deur die betrokke entiteite self aangestel is) oor die afgelope tien jaar enige lig op die onderwerp skyn nie, en is dit 'n groot rede waarom 'n onafhanklike likwidateur aangestel behoort te word.

## 9 UIT DIE PERS SE BEK: DAILY INVESTOR

Die HSAG het onlangs op ‘n interessante artikel van 9 Februarie 2023, wat op DailyInvestor.com verskyn het, afgekom. Die artikel haal Jean-Pierre Verster, ‘n gereelde rubriekskrywer vir die Financial Mail, aan. Verster is ‘n gekwalifiseerde geoktrooieerde rekenmeester, geoktrooieerde finansiële analis, sowel as ‘n geoktrooieerde alternatiewe beleggingsontleder en die hoof uitvoerende beampte van Protea Capital Management, ‘n suksesvolle beleggingsbestuursmaatskappy.

Sien hieronder ‘n vry vertaling van die artikel, waarin Verster beleggers maan om versigtig te wees vir besighede wat in sogenaamde “wesenlike verwantepartytransaksies” betrokke is. Let wel dat die onderstaande artikel vrylik vertaal is en dat die akkuraatheid daarvan nie gewaarborg kan word nie. 'n Skakel na die artikel kan hieronder gevind word.

Jean-Pierre Verster, stigter en uitvoerende hoof van Protea Capital Management, het aandeelhouers aangeraai om versigtig te wees vir Accelerate Property Fund.

Hy het met Business Day TV gepraat en gesê Accelerate het 'n "kleurvolle geskiedenis" en dat die fonds betrokke is by iets wat altyd rooi vlae laat wapper – wesenlike verwantepartytransaksies. Dit is transaksies tussen twee sake partye met 'n voorafbestaande verhouding wat meer as 10% van die maatskappy se omset uitmaak.

Verster het gesê die eiendomsfonds het eiendomme gekoop by maatskappye wat deur die stigter van die fonds besit word, insluitend Fourways Mall. Hy het gesê Accelerate het soveel aandele by die stigter in die Fourways-distrik gekoop dat hy nou 'n regte-aanbod (“rights offer”) moet uitreik om verdere bedrywighede te finansier.

Verster stem nie saam met hierdie sakepraktyke nie, en daarom het hy al in die verlede “kort posisies” (short positions) op die aandeel gehad, wat beteken hy verwag dat die aandeel in die korttermyn van sy waarde gaan verloor.

Om te verstaan waarna Verster verwys het, moet jy teruggaan na 2013, toe die Accelerate-eiendomsfonds deur Michael Georgiou, die huidige uitvoerende hoof van die maatskappy, gestig is.

Accelerate Property Fund is 'n eiendomsbeleggingstrust (“real estate investment trust”), wat op die Johannesburgse Effektebeurs genoteer is met 'n markkapitalisasie van R1,2 miljard. Die maatskappy gee beleggers die geleentheid om te deel in 'n portefeulje van goed gevestigde, hoë-gehalte eiendomme regoor Suid-Afrika.

Die meeste van Accelerate se eiendomme is in die kleinhandelruimte, waarvan die meeste in Gauteng is. Accelerate het onlangs 'n verklaring uitgereik waarin gesê word dat hy 'n regte-aanbod (“rights offer”) sal uitreik om R50 miljoen in te samel om sy finansiële posisie te verbeter en om die herposisionering van sy Fourways Mall moontlik te maak.

Die Accelerate-fonds het R5,4 miljard bestee om 51 eiendomme vanaf die Fourways-distrik, die George Nicholas Trust, sowel as Orthotouch te koop. Ten tyde van die transaksie was Michael Georgiou die meerderheidsaandeelhouer van die Fourways-distrik. Orthotouch was ook in die alleen-besit van Nic Georgiou – Michael se pa - en was hy ook die direkteur daarvan, sowel as die direkteur van die George Nicholas Trust.

Hierdie transaksies is wesenlike verwantepartytransaksies en is as sodanig op die Johannesburgse Effektebeurs se voornoteringsverklaring openbaar gemaak.

Om dit in eenvoudige terme te stel, het Michael Georgiou Accelerate Property Fund geskep deur eiendomme uit sy eie persoonlike portefeulje en dié van familielede te koop. Die eiendomme wat uit sy pa se portefeulje gekoop is, was dieselfde eiendomme wat verband hou met die ineengestorte Hoëveld Eiendomsindikasie, wat Nic Georgiou aan beleggers verkoop het.

Mediaberigte doen aan die hand dat baie beleggers, insluitend pensioenarisse, miljarde rande verloor het as deel van die Hoëveld Eiendomsindikasie. Ná die ineenstorting van die Hoëveld Eiendomsindikasie is die eiendomme binne die

sindikasie oorgedra aan Orthotouch, ’n maatskappy wat ten volle deur [wyle] Nic Georgiou besit word, as deel van ’n sakeredding. Daar was bewerings en is regstappe geneem teen Michael en Nic Georgiou vir die verberging en verdwyning van bates van Orthotouch na die Accelerate-fonds.

Sedert die maatskappy genoteer is, het transaksies van honderde miljoene tussen Accelerate en die Fourways-distrik, en ander verwante partye, plaasgevind. Hierdie transaksies sluit betalings aan die Fourways-distrik in vir onder andere, eiendomsbestuursdienste, bykomende eiendomverkrygings en voorwaardelike (“contingent”) oorwegings.

Accelerate aandele is gebruik om die Fourways-distrik te betaal vir eiendom wat die Fourways-distrik aan Accelerate verhuur het, vir die drie jaar voor die aankoop van die eiendomme.

Sommige beleggers het kommer uitgespreek oor die botsing van belange binne hierdie transaksies. Hulle het beklemtoon dat die bestuur van Accelerate dieselfde persone is wat fondse van beleggers gebruik om hul eie dienste en eiendom by die Fourways-distrik te koop.

Die Fourways-gebied word deur Azrapart en Eriologix besit. Azrapart word ten volle deur Eriologix besit, wat weer op sy beurt ten volle deur die Michael-familietrust besit word. Daar was ook wesenlike transaksies tussen die Fourways-distrik en Azrapart, insluitend 'n R300 miljoen dispuutbeslegting (“dispute settlement”) wat in 2021 aan Azrapart betaal is.

Accelerate Property Fund sal die toewysingsbriewe vir die regte-aanbod (“rights offer”) vanaf 8 Februarie tot 21 Februarie 2023 lys, daarna sal die regte-aanbod-aandele (“rights offer shares”) op 22 Februarie 2023 uitgereik word.

Die regte-aanbod het 71,3 miljoen aandele teen 'n prys van 70 sent per aandeel uitgereik.

https://dailyinvestor.com/south-africa/8171/jean-pierre-verster-cautions-about-accelerate-property-fund/

## 10 LOODSPROJEK: ADMINISTRATIEWE- EN NUUSBRIEFFOOI

Soos voorheen berig het ons ‘n kort loodsprojek en opname van stapel gestuur ten einde vas te stel of die spreekwoordelike kool die sous werd sou wees om nominale (R20) opvragings uit te stuur ten einde te verseker dat alle partye (verál opbetaalde lede) state en nuusflits/nuusbrief kry. ‘n Probleem het voorheen by CCAF ontstaan dat opbetaalde lede nie outomaties hul state ontvang nie, en is gemelde nominale opvragings slegs in die CCAF-saak (gesertifiseerde klasaksie) uitgestuur. Ongelukkig het sommige CCAF-lede hul betalings in die verkeerde HSAG bankrekening gemaak, wat weer onnodige verdere administrasie tot gevolg gehad het.

Die bestuur het besluit om derhalwe nie ‘n soortgelyke HSAG opvraging te doen nie, ten einde onnodige en aansienlike administrasie te vermy. Daarby is besluit om ‘n onbeduidende bedrag (van een sent) in CCAF te hef, ten einde die genoemde probleem te oorkom, en word CCAF-lede versoek om NIE gemelde 1c bedrag te betaal NIE, aangesien dit slegs ten doel het om te verseker dat almal hul rekeninge ontvang.

## 11 ALGEMENE NAVRAE

Daar is oor ‘n verloop van tyd deur verskeie HSAG-lede kapsie gemaak teen die lang state wat die HSAG elke maand uitstuur. Die probleem wat baie mense het is dat dit nie alleen addisionele data neem om af te laai nie, maar ook elke maand ekstra tikpapier en ink vermors deur uit te druk. Tans word hoogstens slegs die “jaar tot op datum” op die state aangedui. Lede wat hul volledige staat wil besigtig kan aan die HSAG ‘n e-pos stuur by: **hsagenquiries@gmail.com**

‘n Navraag wat ons gereeld kry is aangaande oordrag van aandele, na ‘n geliefde se afsterwe. Ons wil almal graag herinner dat dit deur Orthotouch gedoen word. Dit is die maatskappy wat die aandele se oordrag behartig en dit is eers ná ons ‘n dokument, deur hulle uitgereik, wat aandui dat die aandele in ‘n nuwe naam oorgedra is, ontvang

het, wat ons dit op ons stelsel kan verander. Ons is ook bewus van die feit dat Orthotouch opgehou het om hul samewerking te gee. Almal met sodanige probleem moet hul op dié epos kontak: admin@orthotouch.co.za. Hou asseblief rekord van al die korrespondensie

Oor jare het sommige mense se eise vermeerder tot ‘n bedrag groter as die aanvanklike beleggings wat in die Hoëveld Sindikasie belê is, weens die feit dat hulle onder andere beleggings vanaf hulle ouers die geërf het. Lede moet baie seker maak dat hulle dokumente en sertifikate wat die oordrag bewys lewer, aangesien dit uiteindelik by die bewys van die verhoogte eisbedrag gaan nodig word. Op hierdie stadium aanvaar ons mense se waarde van hul belegging op grond van hul skriftelike bewyse.

Laastens, neem asseblief kennis dat indien geen betalings oor 'n lang tydperk deur u gemaak is nie, dit moontlik is dat vorige trustopvragings en betalings nie op die staat gereflekteer kan word nie.

## 12 BELANGRIK: GEBRUIK VAN KORREKTE REKENINGNOMMERS EN VERWYSINGS

Opvragings moet deur lede in die korrekte rekeninge inbetaal word met die korrekte verwysingsnommer daarby aangeheg. Die tyd, moeite en administrasie wat dit die HSAG se regspan kos om elke foutiewe betaling te korrigeer ly daartoe dat die HSAG saak onnodig duur word.

Rekeningnommers en verwysings word op elke staat aangebring en ons versoek dat lede asseblief hul state noukeurig deurgaan wanneer hulle betalings maak.

Indien u u bedrag in ‘n foutiewe rekening inbetaal het stuur ‘n e-pos en kwitansie met versoek om bedrag oor te plaas na korrekte rekening soos volg:

Indien u die bedrag in bv. CCAF Trustrekening 3 inbetaal het, maar die bedrag was bedoel vir u HSAG Trustrekening 2, of anders om.

Betalings verkeerd in CCAF betaal, stuur e-pos na admin@ccaf.co.za.
Betalings verkeerd in HSAG betaal, stuur epos aan hsactiongroup@gmail.com

## 13 BELANGRIK: GEBRUIK VAN KORREKTE E-POS ADRESSE

Die korrekte gebruik van e-pos adresse (soos vervat op ons webtuiste en e-posse) asook HSAG-lede se voorletters en van, sindikasienommers en verwysingsnommers (bv. identiteitsnommer ens.) vir alle kommunikasie, is uiters noodsaaklik en verpligtend. Versuiming om hieraan te voldoen kan die gevolg hê van onnodige vertragings of dat u geen antwoord sal ontvang nie.

Die amptelike en bestaande e-pos adresse vir die HSAG, is as volg:

- **hsactiongroup@gmail.com** vir alle Algemene Navrae (Bv – selfoon of adres veranderinge, betalingsbewyse, betalings foutiewelik in HSAG Trust Rek 2 betaal het, foutiewe verwysing gebruik het ensovoorts);
- **hsagenquiries@gmail.com** vir Spesifieke Navrae (Bv – navrae rakende besonderhede van ’n spesifieke belegger, navrae rakende kwytskelding van ’n spesifieke belegger, ensovoorts);
- **hsagregister@gmail.com** vir die Registrasie en Deregistrasie (indien ‘n lid uit die klasaksie wil onttrek), sowel as kennis van lede wie gesterf het;
- **hsagwhistle@gmail.com** vir alle Vertroulike Inligting wat anoniem aan ons gestuur moet word;
- **hsagestates@gmail.com** vir alle Boedel navrae.

Die amptelike en bestaande e-pos adresse vir CCAF (gesertifiseerde HS 21 & 22 klas-aksie), is as volg:

- **accounts@ccaf.co.za** vir betalingsbewyse, foutiewe verwysing op betalings bewyse;
- **admin@ccaf.co.za** vir die amptelike versoek vir afbetaling-vorm, sowel as onttrekkings, betalings foutiewelik aan CCAF Trust Rek 3 , onttrekking uit CCAF;

- **enquiries@ccaf.co.za** vir ander CCAF navrae, bv. navrae oor state wat nie ontvang is nie.

Indien ’n belegger of enige persoon ’n epos na die verkeerde adres sou stuur sal dit daartoe lei dat daardie e-pos nie spoedig of enigsins die nodige aandag geniet nie. Indien u nie verder enige verdere e-posse wil ontvang nie, stel ons ook asseblief skriftelik in kennis daarvan.

## 14 BELANGRIKE ALGEMENE TERME EN VOORWAARDES

Die algemene en herhalende terme, voorwaardes en ander algemene inligting wat voorheen in die Nuusbrief vervat was, word nou beskikbaar gestel op die HSAG se webtuiste by **www.hsaction.co.za** en kan direk besigtig word by die volgende skakel: **http://hsaction.co.za/wp-content/uploads/2020/01/HSAGTsCs.pdf**

Die HSAG Bestuur wil iedere en elke lid alle voorspoed en sukses toewens met die afsienbare toekoms.

Vriendelike groete

HSAG-Bestuurskomitee
Kontak die HSAG en prokureurs by:
Tel: (021) 887 7877
**hsactiongroup@gmail.com**

# FORM OF PROXY

*For use by the creditors at a meeting convened in terms of Sections 147 & 148 of the Companies Act 71 of 2008 as disclosed on the invitation to the Creditors/Investors/Nominees/Executors/Interested party.*

The HSAG Steering Committee ("HSC") considered the Business Rescue Plan and discussed it with counsel. After due consideration, it was decided that the Business Rescue Plan ("BRP") by Jacques du Toit ("JdT") is not in the best interest of HSAG members, and therefore the HSC does not support the BRP.
The proxy form below enables the HSAG legal team to vote on behalf of HSAG members, and as such it is essential that members complete and return the attached form.
The only way to exercise and/or protect your rights at the BRP meeting is to:

1) vote yourself; or
2) fill out the proxy form so that the firm can vote on your behalf.

When sending this form back, please read carefully and comply as far as possible with all conditions as set out by JdT in the BRP/on the website: https://orthotouch.creditorsinfo.org/of/ortho/

---

**ZEPHAN PROPERTIES (PTY) LTD**
**REGISTRATION NUMBER: 2003/020174/07**

I/We (Name, Surname & ID), ______________________________________________________ being a Creditor/Investor/Nominee/Executor or any interested party of the above Company in the sum of R______________ (____________________________________________Rand) in HS ____________________ do hereby lawfully and voluntarily appoint:

1. A legal practitioner from THERONS INCORPORATED Reg. no. 2020/133092/21 or;
2. A legal practitioner from GEYSER & COETZEE ATTORNEYS;

as my/our proxy to act, and vote on any issue, for me/us and on my/our behalf at the creditors' meeting to be held on 31 March 2023 or thereafter which will be held for the purpose as disclosed in agendas relating to the said meetings.

Signed at _______________________________ this _____ day of ____________________ 2023.

_________________________
**SIGNATURE(S)**
Duly authorised thereto.

**← *SIGN***

---

**ORTHOTOUCH (PTY) LTD**
**REGISTRATION NUMBER: 2010/004096/07**

I/We (Name, Surname & ID), ______________________________________________________ being a Creditor/Investor/Nominee/Executor or any interested party of the above Company in the sum of R______________ (____________________________________________Rand) in HS ____________________ do hereby lawfully and voluntarily appoint:

1. A legal practitioner from THERONS INCORPORATED Reg. no. 2020/133092/21, STELLENBOSCH or;
2. A legal practitioner from GEYSER & COETZEE ATTORNEYS, PRETORIA;

as my/our proxy to act, and vote on any issue, for me/us and on my/our behalf at the creditors' meeting to be held on 31 March 2023 or thereafter which will be held for the purpose as disclosed in agendas relating to the said meetings.

Signed at _______________________________ this _____ day of ____________________ 2023.

_________________________
**SIGNATURE(S)**
Duly authorised thereto.

**← *SIGN***

**IMPORTANT NOTE (NB):**

1) **Form of Proxy must be sent via email to hsagregister@gmail.com or via WhatsApp to 076 551 1985.**
2) **This is an official HSAG document not to be used by any unauthorised parties.**
3) **Sign both proxies for Orthotouch and Zephan in the space provided for above.**
4) **Voting will take place with full reservation of all rights of investors (i.e. without prejudice of existing rights).**
5) **Illegible or unclear WhatsApp photos will not be accepted.**
6) **Comply as far as possible with all conditions as set out by JdT in the BRP/website**
7) **Documents submitted without prejudice of rights**
8) **RETURN THIS COMPLETED AND SIGNED FORM BY NO LATER THAN 21 FEBRUARY 2023.**